DEEL 114 | WEEK 47 | 25 NOVEMBER 2022 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S ... D, IT IS ONLY A RUMOUR



# Op slag in die gat

Die gemeenskap het genoeg gehad van die toestand van paaie in Heilbron en self ingespring om iets daaraan te doen. In oorleg met die munisipaliteit wat ook teer beskikbaar gestel het, kon daar arbeiders gehuur word om inwoners met die projek te help. Die komitee van die Heilbron BoereTreat het ook besluit om die inisiatief te ondersteun en R20 000 tot die projek bygedra.

Maandag is daar toe met die bruggie tussen die dorp en die Vegkopwoonbuurt begin. Dié bruggie het erge skade opgedoen met die verspoelings wat deur onlangse reënneerslae veroorsaak is. Daarna het die span hul werksaamhede in Piercestraat voortgesit.

Tampies Swart, 'n inwoner in Piercestraat, het ook 'n span werkers wat slaggate herstel en hulle het reeds die toegangsroete vanaf Petrus Steyn en 'n gedeelte van Piercestraat herstel.

Soos wat sake tans staan, is die huidige fondse net genoeg om werkers vir twee weke te betaal. Daar word 'n beroep op die gemeenskap en sakelui gedoen om tot die projek by te dra.

Die Heilbron Herald het ingestem om bydraes te bestuur en inbetalings kan by hulle gedoen word. Bel of besoek gerus vir Delareyz Smit by die Herald vir meer besonderhede.


















# *Uit die pen:* Week 47 van 2022

Groot skool of klein skool? En nee, ek praat nie hiér van die hoërskool of die laerskool nie. Watter een is beter: 'n groter skool in 'n stedelike gebied of 'n kleiner een in 'n landelike gebied?

Dit hang af waarna jy soek.

Duisende jare gelede, toe ek nog in ons klein Vrystaatse dorpie skoolgehou het, was daar 'n baie talentvolle rugbyspeler. (Toegegee, dit was ook nou nie heeltemal duisende jare gelede nie.) Hy kry toe vir gr. 12 'n beurs by 'n bekende skool in Bloemfontein. Hy maak 'n afspraak met die skoolhoof en die twee gesels toe oor die aanbod.

Die skoolhoof oorreed die jongman om aan te bly. Jongman vaar goed in matriek en net so goed in rugby. Ons skool se prestasies word nie juis aan die groot klok gehang nie, maar almal in die liga het van jongman geweet. Jongman het toe uiteindelik 'n studiebeurs losgeslaan en is tans deel van die span wat die Springbokke se wedstryde ontleed. Nie te sleg vir 'n plattelandse seun nie.

Baie mense het daardie tyd gesê dat jongman die verkeerde besluit geneem het: as hy na 'n groter skool gegaan het, sou hy Cravenweek kon speel en hy sou in aanmerking kon kom vir een of ander streeksspan. Hy sou moontlik drie (of meer) onderskeidings kon kry en dan toelating tot een of ander kursus kon bekom.

Maar hy het by die klein skool aangebly en is steeds baie suksesvol.

By die groot skool in Pretoria was daar regtig baie leerders. Baie, baie, baie leerders. Meer as 'n duisend. Met nog 'n horde onderwysers. Alhoewel die klasse relatief kleiner was (as jy 28 tot 34 leerders in 'n klas "relatief kleiner" kan noem), was jy steeds een van meer as 'n duisend.

As jy nie in jou klein skool uitgestaan het nie, sal jy ook nie hier uitstaan nie.

Ja, groter skole bied meer geleenthede. Jy kan aan meer buitemuurse bedrywighede deelneem, sou jy wou. Maar 'n dag het ook net soveel uur. Dalk kon jy deur die internet leer hoe om skaak te speel, maar om "lewendige kompetisies" by die skool te kon hê, sou dalk beter wees.

Jy kon 'n instrument van jou keuse leer speel en omdat baie leerders in die skool dit doen, sou jy nie meer 'n "sissie" genoem word nie, omdat jy eerder wil musiek maak as bene kraak op die rugbyveld.

(Maar dan ook: as onderwysers alle buitemuurse aktiwiteite ondersteun en nie die een teenoor die ander afspeel nie, sou niemand "sissies" gewees het nie. Dink ek.)

In 'n groter skool kan jy een van die 100 gelukkige stemme wees wat in die skoolkoor sing, maar jy sou 'n uitstaande stem moes hê om te kon, wel, uitstaan. Jy sou ook, soos by kleiner skole, aan die Eisteddfod kon deelneem, en moontlik dieselfde uitslae behaal het.

Iedergeval. In die groot skool in Pretoria was daar baie geleenthede vir leerders geskep. Een daarvan is 'n jaarlikse kooruitvoering saam met drie ander skole se kore en simfonieorkeste. Ja, jy het reg gelees: meer as een simfonieorkes. En omdat baie onderwysers daarby betrokke is, word niemand "sissies" genoem nie. Inteendeel: daar is groot brekers wat in die koor sing. (Hoor julle wat ek sê, rugbyafrigters?)

Dit word om die beurt deur die verskillende skole aangebied. Die program bestaan uit twee orkestrale uitvoerings en twee kooruitvoerings, per skool - alles eie keuse. Die volgende deel van die program is die massakoor. Kom ons neem die gemiddelde koorgrootte as 80 leerders. Dus is daar, ten minste, 320 leerders op die verhoog. Hulle sing gewoonlik vier liedere. Elke koordirigent kry 'n beurt om een koorstuk te dirigeer. Begelei deur 'n simfonieorkes bestaande uit leerders van al vier die skole.

Een jaar doen die massakoor "O Fortuna" uit Carmina Burana van Carl Orff. En as jy moontlik vergeet het hoe hierdie stuk werk klink, dink net aan die "Old Spice" advertensie van honderd jaar gelede. Daar waar die branderplankryer fluks oor die branders skeer. (Nie skeur nie, skeer. Dis die regte woord. Belowe. Dis nou as ek reg onthou. Honderd jaar gelede is 'n lang tyd.)

Die konsert strek gewoonlik oor drie of vier optredes, met 'n volgepakte saal elke aand. Wanneer die een koor moet plek maak vir die volgende koor, is dit gewoonlik die gasskool se kleiner orkes wat ligte vermaak verskaf. Een jaar was daar 'n saksofoon kwartet bestaande uit slegs meisies. Weet jy hoe mooi klink "Smoke on the water" van Deep Purple wanneer dit met saksofone uitgevoer word?

Terug by die vraag oor of leerders eerder na 'n groter skool toe moet gaan of by die plattelandse skool moet bly: Weeg die twee versigtig op. As jy nie in die plattelandse skool gaan uitstaan nie, gaan jy nêrens in die groter skool wees nie. As jy doodgemiddeld is in 'n plattelandse skool, gaan jy doodgemiddeld wees in 'n groter skool.

As jy kans sien om jou kind na 'n skool ver van jou te stuur, doen dit. As jou kind graag soontoe wil gaan en jy dit kan bekostig, oorweeg dit.

Maar oorweeg ook die voordele wat 'n kleiner skool bied: die groep waaruit rugbykeurders kan kies, is heelwat kleiner as by groter skole en in stede. Jy moet regtig 'n uitskieter wees om gekies te word. By 'n kleiner skool weet almal wie jy is, en daar is meer aandag wat aan elke kind gegee kan word.

As jy nie in 'n kleiner skool regkom nie, gaan jy verdwyn in 'n groter skool.


Kort van die lank: waar jy ook al gaan, wat jy ook al doen - doen dit goed sodat jy raakgesien kan word vir die regte dinge wat jy doen. As jy in 'n kleiner skool wil bly, doen dit tot die beste van jou vermoë. As jy na 'n groot, stadskool wil gaan, doen dit tot die beste van jou vermoë.


Dalk is jy ook eendag die plattelandse seun wat vir die Springbokke werk. Jy weet nooit.

# Wat gebeur in 'n diabetiese persoon

■ *Heilbron Kliniek*

Kos wat geëet word, word afgebreek tot nutriënte wat in die spysverteringskanaal vrygestel word. Stysels (koolhidrate) verskaf energie. Die stysel word afgebreek na suikermolekules. Die suiker word in die bloed geabsorbeer as bloedsuiker (glukose).



Bloed vervoer die bloedsuiker na elke liggaamsel. Die selle sit die bloedsuiker om na energie sodat die liggaam aan die lewe kan bly.

Die liggaam maak 'n hormoon, insulien, soos benodig. Insulien word in die bloed na die selle gestuur. Insulien is nodig vir die selle om bloedsuiker op te neem.

Insulien heg aan die sel. Die insulien maak die selwand oop net soos 'n sleutel 'n deur oopmaak. Sodra die selwand oop is kan die bloedsuiker vanaf die bloed na die sel gaan.

'n Diabetiese persoon het nie genoeg insulien om die sel oop te maak nie. Gevolglik kan die bloedsuiker nie deur die selle opgeneem word om energie vry te stel nie. Die suiker bly in die bloed en hoop op.

Wanneer daar 'n groot hoeveelheid suiker in die bloed is, word dit in die urine gestort.

Hierdie bloedsuiker kom nie voor deur net rietsuiker, konfyt of ander soet kos te eet nie. Dit is suiker wat in die bloed beland na die afbreek van alle kos wat koolhidrate bevat.

# INWONERS VAN HEILBRON GATVOL VIR RIOOL




Rioolwater is nie meer ongewoon in Heilbron nie. Die dorp het gedurig vuil riool wat iewers oor die strate van Heilbron spoel, maar Runelda Henrichsen sit vir weke reeds met só 'n probleem.

Meer as drie weke gelede het Runelda 'n verstopte drein by die munisipaliteit gaan aanmeld. Dié drein, in haar erf in Presidentstraat, het begin om oor te loop. Munisipale werkers het na die drein kom kyk, maar volgens André Oosthuizen, Henrichsen se pa, het hulle net die situasie vererger. "Dit is 'n walglike reuk en verskeie items soos vroue onderklere en vroueprodukte spoel gereeld by die verstopte drein uit," aldus Henrichsen. Oosthuizen het ook vertel dat 'n gesondheidsinspekteur die drein moes besoek om die gesondheidrisiko te evalueer, maar tot dusver het dié nog nie sy verskyning gemaak nie. Die vuil rioolwater loop reguit in die straat af tot in die spruit. Inwoners wat in die area van die spruit woon, is al raadop met die reuk. Die situasie word verder vererger wanneer dit reën en die spruit se watervlak tot op inwoners se grasperke opstoot. Oosthuizen vertel dat hy graag die situasie so gou as moontlik wil oplos, oor sy dogter 'n drie maande oue baba het en nie eers die gerief van haar eie huis kan geniet nie.

# PIET WORD TER RUSTE GELÊ

## *In liefdevolle herinnering aan Pieter van Rooyen*



*Piet is op 17 November 2022 in die ouderdom van 78 jaar oorlede. Sy roudiens het reeds op Woensdag, 23 November, om 11:00 vanuit die NG-Kerk, Moedergemeente plaasgevind. Die diens is deur ds. Braam van Zyl waargeneem. Hy laat sy eggenote, kinders, kleinkinders, familie en vriende na.*

# INBRAKE NEEM WEER TOE

Met feesseisoen om die draai, word inwoners van Heilbron gewaarsku dat huisinbrake moontlik kan toe neem. 'n Woordvoerder van die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) in Heilbron het genoem dat inbrake in Phiritona aan die toeneem is. 'n Aantal inbrake wat in die dorp plaasgevind het, is ook onlangs aangemeld. Een van hierdie voorvalle het by Chrissie Harmse en Jimmy de Villiers-Smith se huis plaasgevind.

Die inbrekers het toegang tot die huis gekry deur 'n venster aan die voorkant van die huis se diefwering af te saag.

Harmse het aan die Herald vertel dat sy aanvanklik nie bewus van die inbraak was nie. Sy het egter haar handsak die volgende oggend vermis. Toe haar broer 'n rukkie later by haar kom kuier het, het hy haar handsak buite opgetel. Haar bankkaarte en kontant wat in haar beursie was, is gesteel.

Sy het toe onraad vermoed en ondersoek in die huis gaan instel waar sy die afgesaagde diefweringontdek het. Haar skootrekenaar en motorsleutels is ook skoonveld.

Enigiemand met inligting wat die polisie met hul ondersoek kan help, word versoek om die polisiestasie daarmee te verwittig.

Inwoners word aangeraai om hul veiligheid en paraatheid op te skerp en by die Dorpswag aan te sluit.

# BRIEWE VAN ONS LESERS

## *Wat word van ons dorp*

*Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer van Heilbron, gerig aan die Redakteur:*

Elke keer as ek deur die strate vol slaggate worstel om êrens heen te gaan, dan wonder ek: Hoe lank nog? Hoe lank moet hierdie dorp nog deur onbevoegde amptenare bestuur word? Eintlik is "bestuur" die verkeerde woord. As jy 'n onderneming of instansie bestuur, dan probeer jy dit verbeter. Is daar iets soos "destruktiewe bestuur"? As daar wel so iets is, dan het ons regerende party dit vervolmaak.

Desember 2021 het ek saam met die DA se verteenwoordiger 'n afspraak gehad met die munisipale bestuurder. 'n Halfuur vóór die afspraak word dit gekanselleer, die munisipale amptenaar moet 'n voertuig in Virginia gaan haal en die afspraak skuif na Januarie. Nou sukkel die DA-verteenwoordiger om 'n afspraak te kry en dan kry ek die boodskap, die munisipale amptenaar het bedank - ons wag vir die nuwe aanstelling. Groot is my verbasing: Die amptenaar is dan steeds in diens, bykans 'n jaar later - wat is die waarheid dan?

My vraag waarop ek graag 'n antwoord wou kry, was: Wat is die inkomste van die munisipaliteit en hoe word die geld aangewend, want ons is agterstallig met Eskom en Randwater en geen onderhoud ten opsigte van geboue of voertuie word verrig nie. Soveel van die dorp se infrastruktuur wat doodeenvoudig net tot niet gegaan het. Gaan kyk hoe lyk die munisipale kantore binne. Die matte op die vloer is deurgetrap en die omgewing skep 'n indruk van morbititeit. Is daar ooit 'n verantwoordelike skoonmaker? Verder is personeel van parke en tuine heeltemal onsigbaar.

Die groot vraag: Hoe groot is die salarisgedeelte van hierdie inkomstekoek? Is dit die rede vir die verval? Te groot salarisse met te veel werknemers wat onsigbaar is?

Ek het nog baie vrae, maar ek sal graag wil weet wat doen die DA vir Heilbron? Kom die verkiesing dan word 'n woonwa parkeer en groepies mense loop in die strate rond met hulle blou hempies en na die verkiesing? Wel ek sal graag wil weet waarheen verdwyn hulle?

Ter afsluiting: Dankie aan Philip van der Merwe, VF+-raadslid, 'n partyverteenwoordiger wat sigbaar is.













# NAELLOPE, SPIESGOOIE, EEN, TWEE, DRIE!







Die geesdrif het Vrydag hoog geloop by Hoërskool Heilbron toe hul jaarlikse bokkesport plaasgevind het.


Tydens dié geleentheid, wat al weens gure weersomstandighede uitgestel moes word, het die Blesbokke (blou) en Springbokke (rooi) mekaar die stryd op die baan en veld aangesê.

Alhoewel die Springbokke se atlete koning gekraai het, kon die geesdrif van die Blesbokke op die paviljoen nie sommer gedemp word nie.


Die byeenkoms is vanjaar vir die eerste keer in 'n lang tyd oor 'n middag/aand aangebied en behalwe vir 'n paar seer gebrande skouers, kon niemand oor die dag se toestande kla nie.

Die skool het van die geleentheid gebruik gemaak om elke ouer en ander betrokkenes te bedank wat bygedra het tot die dag se welslae.


# EENS 'N BRONNIE, ALTYD 'N BRONNIE




*Saret Viljoen*




*Sarita Fourie*




*Sandra J van Rensburg*



*Johan Hoole*



*Lumé Louw*



*Winnie Meiring*

Die Hoërskool Heilbron neem op 25 November afskeid van vier geliefde onderwysers. Een van hierdie onnies is juf. Saret Viljoen wat verantwoordelik was vir die vaslegging van honderde gr. 1-leerders se grondslag. Sy sal veral onthou word vir haar sagte hart en liefdevolle aanslag waarmee sy die haasbekkies in haar klas hanteer het.

Saam met haar kom juf. Sarita Fourie se skoolhouloopbaan ook tot 'n end. Fourie wat as 'n vriendelike, maar tog streng juffrou onthou sal word, het vir jare lank gr. 3 aangebied. Sy was bekend as die juffrou met die sagte hart wat nie gehuiwer het om te luister as jy 'n oor kort om mee te praat nie.

'n Ander juffrou van wie daar vanjaar afskeid geneem gaan word, is Sandra Janse van Rensburg. Sy is die slimkop wat gr. 4- en -5-leerders wiskunde geleer het. Janse van Rensburg is nog nie lank by die skool betrokke nie, maar het in 'n kort tydjie 'n groot impak op leerders gemaak.

'n Laaste totsiens word ook aan mnr. Johan Hoole gerig. Hy gaan vir seker op die sportveld gemis word waar hy as afrigter van verskeie sportspanne opgetree het. Sy geesdrif waarmee hy skoolaktiwiteite aangepak het, was ook altyd aansteeklik en hy was 'n reuse bok vir sports.

Leerders, oud-skoliere, ouers en kollegas het vanoggend tydens saalperiode formeel van dié vier leerkragte afskeid geneem.


Alhoewel Bronnies se harte seer is oor twee van hul gunsteling grondslagfase-onderwysers wat aftree, verwelkom die Hoërskool Heilbron juf. Lumé Louw by die gr. 3's asook Juffrou Winnie Meiring by die gr. 1's.


# KLEUTERKASTEEL SE GRADEPLEGTIGHEID



*Met die einde van die jaar so te sê in sig, het die Kleuterkasteel vir hul gr. R-maats 'n pragtige gradeplegtigheid gehou. Juf. Bokkie Myburgh, skoolhoof van die Kleuterkasteel, het oor elke leerder 'n kort staaltjie vertel waarna hul sertifikate oorhandig is. Elke kleuter het behoorlik uit sy en haar nate gebars van trots.*

# BRONNIE-WEES IS 'N FEES







*Die kleuters by Bronnie-Dagsorg geniet hul gate uit. Verskeie aktiwiteite word by die speelgroep aangebied wat verseker dat elke kind optimaal gestimuleer word. Suzilda Muller, plaaslike arbeidsterapeut, het ook 'n draai by die dagsorg gemaak om elke kind te evalueer.*

HERALD Sport




# NAELBYT-KRIEKETWEDSTRYD

Heilbron se dorpskrieket asook hul opponente, Rust ter Vaal, het Saterdag die 29ste Oktober gevoel asof hul in die wêreldbekende eindstryd speel toe die wedstryd gelykop geëindig het.

Heilbron het die lootjie gewen en 149 vir 9 paaltjies aangeteken. Theuns Botha het lekker skouers oopgemaak met die kolf en sesse en viere aangeteken. Tydens Rust ter Vaal se beurt het hulle stadig maar seker begin nader kruip aan Heilbron se telling. Danksy goeie boulwerk deur Heilbron se kaptein, Pieter Baan, met 2 paaltjies vir 18 lopies in 4 boulbeurte, kon die kolwers nie hul momentum behou nie. Goeie veldwerk deur Danie Richard en briljante paaltjiewagterspel deur Asif Ali met sy vangskote en uithardloop van kolwers het die wedstryd gelykop geëindig. Heilbron se volgende wedstryd vind plaas Saterdag 26 November, teen Old Vaal by Hoërskool Heilbron om 14:00. Toegang gratis.






# ROLBALSPELERS MAAK STEM DIK

Rolbal, as sportsoort, was deur die jare gekenmerk as "oumensalbasters". Dalk met reg, want as jy nie meer tennis of gholf kon speel nie, was rolbal dan die oudag se alternatiewe sport om te beoefen.

In rolbal bestaan 'n span uit vier posisies naamlik: die lei, die tweede speler, die derde speler en die skipper. Die skipper tree dan ook as die kaptein van die span op en sy woord, tydens spel, was basies wet.

Verder was dit ook so dat jy, as nuwe rolbalspeler, deur die "ranks" moes gaan. Vir jare moes jy eers lei dan tweede speel, na 'n paar jaar derde en dan, as jy gelukkig is, kon jy skipper word.

Ek het altyd gewonder hoekom klubs so rigied is rakende hierdie sogenaamde hierargie van spanposisies, terwyl rugby jong manne as losskakels kies, sleutelposisie in die span.

Gelukkig is hierdie sienswyse besig om te verander en is rolbaladministrateurs wêreldwyd besig met aanpassings om die spel vinniger en meer aanloklik vir jonger spelers te maak.

Heilbron se rolbalklub het reeds jong spelers wat goeie potensiaal toon om vinnige vordering te maak in rolbal.

Twee spanne van Heilbron het die afgelope naweek op Kroonstad gaan deelneem aan die Valsrivier se gemengde viere-kompetisie.

Na 'n spannende "Sudden Death", eindig Ellie van Coller se span met Hannes van Eeden, TL en Henriëhett de Waal as naaswenners.

Die familiespan van JC en Dolly Pretorius en Edward en Sonja Muller eindig in die derde plek. Vier spelers wat ongeveer 'n jaar rolbal speel. Daarom dan my vraag: Was hierdie rigiede seining van spanposisies deur die jare tot voordeel van die sport?

Dalk het rolbal baie spelers en moontlik ook goeie spelers verloor as gevolg van hierdie sienswyse.

Oordeel die persoon op sy spel en sy potensiaal as rolbalspeler eerder as die tydperk wat hy aan die sport deel neem.



*Op die foto agter vl: Edward Muller en JC Pretorius.*
*Voor vl: Dolly Pretorius en Sonja Muller.*



*Op die foto vl: Henriehett de Waal, TL de Waal, Hannes van Eeden en Ellie van Coller.*

